

- (1) Bepaal of die volgende getalle reël of nie-reël is. Indien dit reël is, dui aan of die getal rasionaal of irrasionaal sal wees.

- (a) 7 : _____ (b) $-\sqrt{3}$: _____
 (c) π : _____ (d) $\sqrt{-16}$: _____
 (e) $0, \dot{3}$: _____ (f) $\frac{12}{36}$: _____
 (g) $\sqrt[3]{-125}$: _____ (h) $1 + \sqrt{9}$: _____
 (i) $\sqrt{(-2)^3}$: _____ (j) 0 : _____

- (2) Sê of die volgende bewerings waar of vals is:

- (a) Die produk van twee heelgetalle is altyd weer 'n heelgetal. _____
 (b) Die produk van twee irrasionale getalle is altyd weer 'n irrasionale getal. _____
 (c) As m 'n natuurlike getal is, dan sal $\sqrt{4m}$ ook 'n natuurlike getal wees. _____
 (d) Die verskil tussen twee rasionale getalle is altyd weer 'n rasionale getal. _____
 (e) Die kwosiënt van 'n rasionale getal en 'n irrasionale getal is altyd rasionaal. _____

- (3) Vir watter waardes van x is die volgende bewerings: (i) ongedefinieerd (ii) nie-reël

- (a) $\frac{x+3}{x}$: _____
 (b) $\sqrt{x-1}$: _____
 (c) $\frac{\sqrt{x}}{x+2}$: _____

- (4) Gegee: $P = \sqrt[4]{3y} - 1$. Tot watter van die volgende getalgestelsel(s) sal P behoort indien:

[Getalgestelsels: $\mathbb{N}$; $\mathbb{N}_0$; $\mathbb{Z}$; $\mathbb{Q}$; $\mathbb{Q}'$; $\mathbb{R}$ of $\mathbb{R}'$]

- (a) $y = \frac{1}{3}$ (b) $y = -1$ (c) $y = 5$
